Familie Tuisblad

29 Oktober 2023

1 Begin hier

Die moderne siening van leierskap is dikwels dat ‘n leier ‘n posisie van mag beklee of baie ryk of populêr is. Sosiale media praat deesdae van leiers as “influencers” met die meeste “followers” en dit skep die indruk dat bekendheid, mooiheid en gewildheid die maatstaf van leierskap is. In 2023 was Charli D’amelio byvoorbeeld die gewildste persoon op TikTok met haar sang en danspassies wat amper 150 miljoen volgelinge in ‘n baie kort tyd getrek het. Kan julle glo - as 19-jarige het sy in 2023 reeds ongeveer 350 miljoen rand per jaar verdien!

Die Bybel gee egter vir ons ‘n ander siening van leierskap. So byvoorbeeld was Moses, Josua se voorganger, ‘n baie belangrike leier in die Bybel, maar hy was nie altyd gewild nie en hy was beslis nie perfek nie. Toe hy die volk moes inlei in die beloofde land, was hy byvoorbeeld te bang toe hy gehoor het van die reuse wat in Kanaän woon. As gevolg van sy ongehoorsaamheid moes die volk van Israel vir nog 40 jaar in die woestyn woon. Moses sou ook die land sien, maar nie self kon binnegaan nie. Josua, sy opvolger, sou die volgende generasie die land laat binnegaan.

2 Lees

Deuteronomium 34: 7-12

3 Gesels

- Watter sterkpunte het Moses gehad?
- Watter foute het hy gemaak?
- Watter dinge laat jou voel dat jy nie ‘n leier kan wees nie?
- Wat beteken dit vir jou dat God iemand gebruik wat nie perfek is nie?

4 Bid

Gee tyd vir stilgebed waar elkeen tyd kry om sy/haar foute of swakhede aan God te bely. Laat iemand daarna hierdie woorde lees:
God ken al jou swakhede en foute. God vergewe jou. God aanvaar jou en het jou lief. God gebruik jou. Amen

5 Doen

Kinders, kyk gerus na die video:
https://www.youtube.com/watch?v=BjE09i_JYkA
The death of Moses (11min26)

Tieners, hier is ‘n opsomming van Deuteronomium deur The Bible Project:
https://www.youtube.com/watch?v=NMhmDPWeftw